# Midrash Vrae

## Pekudei

### Eksodus 38: 21 – 39:20

1. Oholiab was n ambagsman. Wat was sy ambagte en vaardighede wat gebruik is in die voorbereiding van die tabernakel?
2. Wat het die 12 stene wat geset was in die borsplaat verteenwoordig?
3. Noem hierdie 12 stene en hoe verskil hierdie stene van diè genoem in Openbaring 21:19-20?

Wat dink jy? Is daar n dieper prentjie hierin?

### Eksodus 39:21 – 40:7

4. Wat moes aan die Hoë Priester se mantelsoom vas gewerk word en in watse volgorde ?
5. Met die beskrywing en aanwysing , hoe lyk die Kroon van die Hoë Priester en wat is daarop in Hebreeus ?
6. Wat was die opdrag van YHVH aan Moses , wanneer moes hy die Tabernakel laat oprig ?

### Eksodus 40: 8-38

7. Watter stappe moet Moses volg om Aaron te salf in Eksodus 40:12-13? Wat dink jy is die geestelike prentjie hiervan?

# Midrash Vrae

## Pekudei

### Eksodus 40: 8-38

8. In Eksodus 40:20 staan daar "Verder het hy die Getuienis geneem en dit in die ark
neergelê ....." Sou dit nie beter gewees het as die klip tafels byderhand was, om na terug te verwys, wat al die instruksies is nie?
Wat dink jy is die rede dat dit in die aller Heiligste gebêre word?
9. Hoekom het Abba vir die Israeliete die sigbare teken van die wolk en vuurkolom gegee?

